Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 38: *Korach* – Korag

Korag, die seun van Yitz'har, die seun van K'hat, die seun van Levi, saam met Datan en Aviram, seuns van Eli'av, met On, die seun van Pelet, seuns van Re'uven, het aksie geneem en hulle het opgestaan voor Moshe, saam met sommige van die seuns van Yisra'el, twee honderd en vyftig leiers van die vergadering, verteenwoordigers, manne van naam. Num. 16:1 en 2 – PWL[1]

Torah: Num. 16:1 tot 18:32

Haftorah: 1 Sam. 11:14 tot 12:22

Nuwe verbond: Rom. 13:1 tot 7; Heb. 13:17; Judas 1 tot 25; Joh. 15:1 tot 7;1 Kor. 9:7 tot 14; Gal. 6:6; 1 Tim. 5:17 tot 18; Matt. 23:2; Matt. 5:1; Luk. 4:20 tot 22.

Vorige jare se notas vir Parashah 38 kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

Life is much like a book. The fool leaves through it casually; but the wise man reads it with thoughtful care, knowing that he can read it only once. – Jean Paul.

A creature revolting against a creator is revolting against the source of his own powers – including even his power to revolt. It is like the scent of a flower trying to destroy the flower. – C.S. Lewis

For there is no one so great or mighty that he can avoid the misery that will rise up against him when he resists and strives against God. – John Calvin.

The beginning of men's rebellion against God was, and is, the lack of a thankful heart. – Francis Schaeffer.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Some of the best lessons we ever learn are learned from past mistakes. The error of the past is the wisdom and success of the future – Dale Turner.

Torah Bespreking

Hersiening

Reeds in parashah 36 het ons te doen gekry met rebellie en die gevolge daarvan toe Aharon en Miryam kwaadgespreek het van Moshe (Num. 12:1 tot 16). Hierdie kwaadspraak was rebellie teen Moshe, יהוה se aangestelde leier, en daarom ook rebellie teen יהוה self!

In verlede week se Torahskriflesing het ons weereens met rebellie te doen gekry en geleer dat geskiedenis ‘n geneigdheid het om herhaal te word, naamlik dat die negatiewe invloed van die minderheid oorspoel na die meerderheid! Die verslag van tien van die twaalf verkenners het Yisra’el sodanig beïnvloed dat hulle nie volgens die belofte aan Avraham, en volgens die opdrag van God, die Beloofde Land Kanaän in besit geneem het nie! Hierdie gebrek aan vertroue het baie ernstige gevolge vir Yisra’el gehad, naamlik dat ‘n hele geslag gesterf het en dat dit hulle nageslag was wat die Beloofde Land in besit geneem het! Dit was een van die waterskeidings-oomblikke in Yisra’el se geskiedenis. Die negatiewe verslag van die tien verkenners was sonde wat as gelykstaande aan rebellie teen יהוה gereken was.

In hierdie week se Torahskriflesing, parashah Korag, word ons weereens gewaarsku oor die ernstige gevolge van rebellie teen יהוה en teen die gesagstruktuur wat deur God aangestel is.

Die Rebellie Van Korag En Sy Bende

Rebellie teen יהוה en teen Sy gesagstruktuur is ‘n baie ernstige oortreding (sonde) wat gestraf sal word!! Hierdie is ‘n baie belangrike les vir ons om te leer!

Eerstens moet ons vra wat is die wêreld se definisie van rebellie?

Open or determined defiance of, or resistance to, any authority or controlling power (The Oxford Universal Dictionary).

The act of rebelling; open and avowed renunciation of the authority of the government to which one owes obedience, and resistance to its officers and laws, either by levying war, or by aiding others to do so; an organized uprising of subjects for the purpose of coercing or overthrowing their lawful ruler or government by force; revolt; insurrection. (Webster's Revised Unabridged Dictionary)

Tweedens, wat is יהוה se definisie van rebellie? Volgens die Skrifte, en soos reeds in die vorige twee Torahstudies bespreek was, word rebellie gereken as murmurering (ontevredenheid) met God se voorsiening, asook ongehoorsaamheid aan יהוה se aangestelde gesag en ongehoorsaamheid aan Sy Woord (Torah). Daarom was Mirjam en die tien verkenners tesame met die volk se murmerering, rebellie teen יהוה en Sy aangestelde gesag, asook wantroue in יהוה se beloftes en ongehoorsaamheid aan Sy Woord. Dit het die toorn van יהוה ontketen!

Rebellie is om die gesag waaronder jy staan te ondermyn, hetsy deur openlike of subtiele (bedekte) aksies.

In hierdie week se Torahstudie word ons weereens gewaarsku oor die ernstige gevolge van rebellie teen יהוה se gesagstruktuur (leiers).

Korag en sy bende het hulle ook skuldig gemaak aan rebellie soos ons in Num. 16:1-11 lees.

> 1 Korag, die seun van Yitz'har, die seun van K'hat, die seun van Levi, saam met Datan en Aviram, seuns van Eli'av, met On, die seun van Pelet, seuns van Re'uven, het aksie geneem
> 2 en hulle het opgestaan voor Moshe, saam met sommige van die seuns van Yisra'el, twee honderd en vyftig leiers van die vergadering, verteenwoordigers, manne van naam.
> 3 Hulle het bymekaargekom teen Moshe en Aharon en vir hulle gesê: "Julle het ver genoeg gegaan, want die hele vergadering is afgesonderd, elke een van hulle en יהוה is tussen hulle! Waarom verhoog julle julself bo die vergadering van יהוה?"

Korag , Datan, Aviram, On, tesame met 250 leiers van Yisra'el het aksie geneem en opgestaan (gerebelleer) teen Moshe en Aharon. Hierdie gebeure herinner ons sterk daaraan, en dien ook as waarskuwing, dat hoogmoed, ambisie en 'n gevoel van verontregting maklik kan ontaard in kwaadspraak en rebellie. Dit kan soos 'n wortel van bitterheid (Heb. 12:15) versprei en baie onrus verwek.

Moshe se gesag en sy roeping (aanstelling) deur היהו was deur Korag en sy bende bevraagteken. Om teen Moshe te rebelleer (op te staan) is om teen Torah te rebelleer en is dus rebellie teen יהוה self. Onthou יהוה se Torah word ook Moshe genoem (Hand. 15:21), asook die wet van Moshe (Luk. 2:22; Luk. 24:44).

Vooruitstrewendheid (ambisie) opsigself is nie verkeerd nie, maar wanneer dit eersugtig (roemsugtig, heerssugtig, hebsugtig) gefokus is, word eie belange ten koste van ander se belange nagejaag. Korag se rebellie was uit selfsugtigheid aangevuur deur 'n gevoel van verontregting. Hy, Datan Aviram en On, asook 250 leiers van Yisra'el het hulself as verontregtes beskou. Hulle was almal voorstanders van gelykstellende aksie! Daarom het hulle aan Moshe en Aharon gesê: "Waarom verhoog julle julself bo die vergadering van יהוה?"

Korag was die rebelleleier en daarom word daar verwys na Korag en sy bende. Die Naam Korag beteken *gebrek aan natuurlike bedekking* of *kaalkoppigheid*. Hierdie is 'n sinnebeeld van Vader se "beskerming" wat van ons weggeneem word wanneer ons teen יהוה rebelleer of teen diegene wat יהוה aangestel het.

In hierdie Skrifgedeelte sien ons ook die 'formule' ('wenresep') vir rebellie. Eerstens sal die ontevredenes (sogenaamde verontregdes) hulle van die res van die vergadering (gemeente) skei, gevolg deur opstandigheid teen die leierskap, dan is daar die 'werwing' van ander met soortgelyke siening en laastens die beskuldiging van die leierskap en pogings om die leierskap omvêr te werp.

Die gees van Korag is onderliggend in ons elkeen weens ons sonde-geneigdheid. Wat die vlees bedink is vyandskap (rebellie) teen God, want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie (Rom. 8:7). Sha'ul verwys ook hierna in Rom. 7:14-23 – Ons weet wat die goeie is om te doen, maar so dikwels doen ons dan die teenoorgestelde. Ons vlees is geneig tot rebellie teen יהוה se wil vir ons. Ons vlees rebelleer teen Torah en is voortdurend op soek na redes om nie Torah-gehoorsaam te wees nie. MAAR in Yeshua is daar oorwinning oor hierdie rebellie teen יהוה se onderrig en instruksies (Rom. 7:24-25).

Indien ons nie ons rebelse vlees oorwin nie, naamlik om ons selfs as dood vir die sonde te beskou nie, sal ons soos Korag en sy bende ook sterf (Num. 16:28-33) – eerstens geestelik en dan fisies die ewige dood! יהוה-God sal nie rebellie teen Hom ongestraf laat verby gaan nie!

Bepeins of Bespreek

1. Is die verwerping van יהוה se wet (die verklaring van vry van die wet) dan nie rebellie teen יהוה nie? Lees Jer. 11:1-5, 11 en 14, asook Spr. 28:9.

2. Lees Jes. 14:12-23. Het die rebellie van Satan nie dieselfde patroon (formule) as die rebellie van Korag gevolg nie?

3. Na watter mense verwys Judas 1:1-16. Wie is die hedendaagse mense in verse 4 en 11? Wie is die hedendaagse valse leraars in vers 4 wat die onverdiende guns van God verdraai het tot 'n verwerplikheid (ongebondenheid; *lasciviousness*) en wat met 'n Kayin, Bil'am en Korag vergelyk kan word? Verwys ook 2Pet. 2:1-3.

   Volgens Thayer's Greek Definitions beteken *ongebondenheid* (Grieks: *aselgia*) die volgende: *unbridled lust, excess, licentiousness (bandelossheid, wetteloosheid, wellustigheid), lasciviousness (wulpsheid, onkuisheid), wantonness (moedswilligheid), outrageousness, shamelessness, insolence (parmantigheid, onbeskaamdheid)*. In die verband skryf Barnes in sy *Notes on the Bible* die volgende:

   > *Abusing the doctrines of grace so as to give indulgence to corrupt and carnal propensities. That is, probably, they gave this form to their teaching, as Antinomians have often done,* ***that by the gospel they were released from the obligations of the law,*** *and might give indulgence to their sinful passions in order that grace might abound.* ***Antinomianism*** *began early in the world, and has always had a wide prevalence. The liability of the doctrines of grace to be thus abused was foreseen by Paul, and against such abuse he earnestly sought to guard the Christians of his time (Rom. 6:1).*

   Antinomianisme is die siening dat יהוה se genade in Yeshua voorsiening maak dat redding deur geloof alleenlik noodsaaklik is en daarom word selfs geglo dat die morele wette van יהוה opgehef is. Verkondig 'n groot deel van die Christendom nie antinomianisme nie, want sonde volgens die ou verbond word nie meer as sonde onder die nuwe verbond beskou nie? Die term "Hyper grace" word dikwels gehoor wat beteken: Een maal gered; altyd gered! Is dit waar?

Hedendaagse Rebellie Van Korag

יהוה se gesagstruktuur van die nuwe verbond is Yeshua as Ewige Koning, Ewige Profeet en Ewige Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek. Elke wedergebore en Geesgevulde gelowige is 'n priester in die orde van Malki-Tzedek.

Elkeen wat nie deel is van die nuwe verbond (Heb. 8:8-12) en nie gehoorsaam is aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua, Die Gesalfde Een vervul is nie, asook elkeen wat nie daarmee saam יהוה se aangestelde priesterorde van die nuwe verbond erken en eerbiedig nie, staan skuldig aan die rebellie soortgelyk as die van Korag!!

Soos voorheen al bespreek is, het die Levitiese priesterorde saam met Yisra'el van ouds in die wildernis getrek. Dit was die aangestelde priesterorde tot en met Yeshua se folterdood en opstanding! Toe het daar 'n verandering in die Torah van Moshe plaasgevind (Heb. 7:12 tot 17). Daarom, in die wildernis van hierdie lewe is die Levitiese priesterorde vervang met die priesters volgens die orde van Malki-Tzedek met Yeshua as die ewige Hoofpriester. Hoe

jammerlik is dit dat soveel in die Messiaanse Beweging egter skuldig is aan Heb. 5:10-11, naamlik:

> **10** Hy is deur God as Hoofpriester aangestel, volgens die beeld van Malki-Tzedek.
> **11** Ons het baie te sê in ons redevoering aangaande Hom en dié Malki-Tzedek en dit is moeilik om te verduidelik omdat julle swak geword het in julle gehoor.

Talle gelowiges het swak (traag) geword om te hoor en te verstaan dat die Levitiese priesterorde na die folterdood en opstanding van Yeshua vervang is met die priesterorde volgens Malki-Tzedek. Hulle is verblind deur Rabbynse Judaïsme en hou vas aan die Levitiese priesterorde – dit ten spyte van wat die Skrifte van die nuwe verbond ons leer!

Yeshua is ons Ewige Hoofpriester en ons is die priesters. Daarom moet ons nie *by die aanvanklike boodskappe aangaande Die Gesalfde Een bly nie, maar na die volmaaktheid aangaan* (Heb. 6:1). Deel van hierdie volmaaktheid is om diens te doen in יהוה se Koninkryk as priesters van die orde van Malki-Tzedek (1Pet. 2:9 en 10).

Ons is die priesters en arbeiders in יהוה se Koninkryk! En ons leef in ‘n tyd waar die siele-oes ryp is, maar waar die arbeiders, naamlik die wat selfstandig volgens die woord kan optree en lewe, min is!

Soos voorheen al bespreek is, moet ons besef dat daar net een Hoofpriester en een priesterdom in יהוה se Koninkryk kan wees, want anders is daar verdeeldheid. En ons weet dat ‘n verdeelde koninkryk nie staande kan bly nie (Matt. 12:25). Elkeen wat glo in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Gesalfde Een tot versoening met יהוה het ‘n keuse: Wie kies jy as hoofpriester? Die een wat deur יהוה aangestel is as Ewige Hoofpriester of die een wat deur mense (Rabbynse Judaïsme) aangestel gaan word wanneer die derde tempel in alle waarskynlikheid binnekort voltooi gaan word?

Bewakers en Bewaarders van die Tabernakel

Ons lees in Num. 18:4-5 aangaande die taak van die Leviete:

> **4** Hulle (die Leviete) moet by jou aansluit en die diens van die Tent van Ontmoeting waarneem: al die dienswerk van die tent, maar ’n vreemdeling mag nie naby julle kom nie.
> **5** Julle sal verantwoordelik wees vir die Afgesonderde plek en oor die diens van die altaar sodat daar verder geen woede meer oor die seuns van Yisra’el kom nie.

Die Leviete was aangestel as die bewakers en bewaarders van die tabernakel en later van die tempel. Hulle moes waak dat geen vreemdeling of onbevoegde toegang tot die afgesonderde dinge van יהוה verkry nie. So ook moes hulle die tabernakel met al sy toebehore bewaar (versorg) sodat dit behoue en ongeskonde sou bly.

Ons het steeds dieselfde opdrag. As koninklik priesterdom onder die gesag van Yeshua ons Koning en Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek, moet ons ook die tempel bewaak en bewaar. En ons weet dat hierdie tempel wat ons moet bewaak en bewaar is ons liggaam. Soos Sha’ul skryf:

> Weet julle nie dat julle ’n tempel van God is en dat die Gees van God in julle bly nie? 1Kor. 3:16.

En dan skryf Sha’ul verder in vers 17:

> Wie ook al die tempel van God vernietig, hom sal God vernietig, want die tempel van God is afgesonderd en dít is julle.

In 1Kor. 6:19-20 voeg Sha'ul dan ook die volgende by:

> **19** Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Gees wat Afgesonderd is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, is nie? Julle behoort nie aan julleself nie,
> **20** want julle is gekoop vir 'n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

Om jou liggaam as 'n tempel van יהוה te bewaak en te bewaar, beteken om jou gees en jou siel en jou liggaam te bewaak en te bewaar. Jy bewaak jou gees, siel en liggaam teen alles wat onrein en nie afgesonderd is nie. Dit behels om jou sintuie, veral dit wat jy sien en hoor, te bewaak teen dit wat onrein en nie afgesonderd is nie, en wat via jou sintuie jou geestelike- en jou sielsrealm, sowel as jou liggaam kan besmet en tot sonde aanleiding gee. Verder behels dit dat jy jou gees en siel moet bewaak teen enige vals leerstellings.

Om jou gees, siel en liggaam te bewaar is om dit te versorg deur 'n gesonde lewenstyl na te volg. Dit behels eerstens om jou liggaam te voed volgens יהוה se voedselvoorskrifte, maar ook om 'n gebalanseerde dieet te volg wat jou liggaam van al die noodsaaklike voedingstowwe sal voorsien, terwyl jy ook voldoende oefening en rus kry! Dit vereis ook om geen skadelike middels in te neem nie of verslawende gewoontes aan te leer nie!

In 1Kor. 3:17 stel Sha'ul dit baie duidelik dat elkeen wat sy liggaam skend (vernietig), sal deur God vernietig word! Daarom moet elkeen besef dat die verantwoordelikheid om jou gees, siel en liggaam as 'n tempel van die Afgesonder Gees te bewaak en te bewaar, is deur יהוה aan Sy koninklike priesterdom gegee! Elkeen is aanspreeklik om sy gees, siel en liggaam as 'n geskikte woning vir die Afgesonderde Gees in te rig en te onderhou! Daarom stel Sha'ul dit soos volg inRom. 12:1-2:

> **1** My broers, daarom smeek ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk
> **2** en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

Om jou liggaam aan יהוה-God beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offer, kan vergelyk word met die eie-ek en selfwil wat op die brandofferaltaar verbrand word as 'n lieflike geur vir God. Dit is om jouself deur vertroue as saam met Yeshua gekruisig te sien en om saam met Hom uit die dood op te staan as 'n nuwe mens wat gestroop is van alle rebellie teen יהוה en Hom nou in Gees en Waarheid dien!

> **6** Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie,
> **7** want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry.
> **8** As ons daarom saam met Die Gesalfde Een dood is, laat ons vertrou dat ons saam met Die Gesalfde Een sal lewe
> **9** omdat ons weet dat Die Gesalfde Een opgestaan het uit die dood en nie weer sal sterf nie en die dood geen outoriteit oor Hom het nie.
> **10** Hy wat dood is vir die sonde, het een maal gesterf en omdat Hy leef, leef Hy vir God.
> **11** Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een. Rom. 6:6-11.

Bepeins of Bespreek:

1. Die tabernakel word ook die tent van samekoms genoem. Daarom is elke individu ‘n tempel van יהוה, maar is die gemeente ook ‘n tempel van God. Het ons dus ook die verantwoordelikheid om op te tree as bewakers en bewaarders (versorgers) van die gemeente?

2. Volgens oorlewering het die bevelvoerder van die tempelwagte in die nag met ‘n fakkel rond gegaan om te kyk of elke wag wakker op sy pos is. Sou hy ‘n wag vind wat slaap het hy die wag se klere aan die brand gesteek. Is dit waarna Yeshua verwys het toe Hy gesê het? *Let op, Ek kom soos ’n dief. Seën vir hom wat waaksaam is en sy klere beskerm sodat hy nie miskien kaal rondloop en hulle sy skaamte sien nie* (Open. 16:5). Vergelyk dit ook met die gelykenis van die waaksame dienskneg in Luk. 12:35 tot 48. Is jy ‘n bewaker en bewaarder van die tempel waarin die Afgesonderde Gees woon?

Haftorah Bespreking (1 Sam. 11:14-12:22)

יהוה Se Toelaatbare En Volmaakte Wil

Soos in hierdie week se Torahstudie, handel die Haftorahskriflesing ook oor leierskapkwessies. In ons Torahstudies tot op hede, en soos in hierdie week se Torahstudie bevestig word, was Moshe en Aharon deur יהוה gekies as die leiers van Yisra’el. יהוה self was Yisra’el se Koning en Moshe het God as regeringshoof en as profeet op aarde verteenwoordig. Terwyl Aharon as hoofpriester namens יהוה omgesien het na die geestelike welstand van Yisra’el. Moshe was die regeringsleier en Aharon die geestelike leier! Beide Moshe en Aharon was ‘n heenwysing na Yeshua as Koning, Profeet en Hoofpriester.

Yisra’el het dus as ‘n Teokrasie gefunksioneer, naamlik godsdiens en regering het as eenheid onder die Koningskap van יהוה as regeringstruktuur gefunksioneer. Beide Moshe en Aharon is ‘n sinnebeeld van Yeshua wat in die Millennium (Messiaanse Ryk) as Koning en Hoofpriester sal regeer – Koning en Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek.

Hierdie week se Haftorahskriflesing handel ook oor rebellie teen יהוה se aangestelde leierskap (gesagstruktuur). Yisra’el wou soos ander volke ‘n aardse koning hê. Daarom het die volk vir Sh’mu’el gevra om ‘n koning oor hulle aan te stel en hy het aan hierdie versoek voldoen en Sha’ul is as koning aangestel.

> Al die mense het na Gilgal gegaan en daar, in Gilgal, vir Sha’ul koning gemaak voor die Teenwoordigheid van יהוה. Daar het hulle ook vredesoffers voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer en daar was Sha’ul en al die manne van Yisra’el grootliks verheug. 1 Sam. 11:15.

Dan lees ons verder wat Sh’mu’el vir die volk gesê het:

> **1** Toe sê Sh’mu’el vir die hele Yisra’el: “Let op, ek het na julle stem geluister in alles wat julle vir my gesê het en ’n koning oor julle aangestel.
> **2** Nou, hier is die koning wat voor julle loop, maar ek is oud en grys en let op, my seuns is hier by julle en ek het voor julle geloop van my jeug af tot vandag toe. 1 Sam. 12:1-2.

Die rebellie van Korag en sy volgelinge teen Moshe is ooglopend en word vir ons duidelik uitgewys, terwyl die rebellie teen die leierskap van Sh’mu’el in hierdie week se Haftorah meer subtiel is. Daarom het Sh’mu’el die volk getugtig deur vir hulle te sê:

> **1** Toe sê Sh'mu'el vir die hele Yisra'el: "Let op, ek het na julle stem geluister in alles wat julle vir my gesê het en 'n koning oor julle aangestel.
> **2** Nou, hier is die koning wat voor julle loop, maar ek is oud en grys en let op, my seuns is hier by julle en ek het voor julle geloop van my jeug af tot vandag toe.
> **3** Hier is ek; bring getuienis teen my voor יהוה en Sy gesalfde. Wie se bees het ek gevat, of wie se donkie het ek gevat, of vir wie het ek bedrieg? Wie het ek onderdruk of van wie se hand het ek omkoopgeld gevat om my oë daarmee toe te maak? Ek sal dit vir julle teruggee."
> **4** Hulle antwoord: "U het ons nie bedrieg of ons onderdruk, of enige iets uit iemand se hand gevat nie."
> **5** Hy sê vir hulle: "יהוה is getuie teen julle en Sy gesalfde is vandag getuie dat julle niks in my hand gekry het nie." Hulle antwoord: "Hy is getuie." 1 Sam. 12:1-5.

Die vraag is egter: Hoekom het die volk dan gerebelleer? Kan dit rebellie wees indien יהוה 'n versoek van Sy volk (kinders) toelaat? Was dit יהוה se toelaatbare wil?

Eerstens moet ons verstaan dat 'n monargie deel is van dit wat Torah ons leer soos in parashah 48 *Shoftim* (Regters) verduidelik word. Yisra'el se monargie moet egter nie vergelyk word met ander volke se monargieë van die verlede en hede nie, want die koning van Yisra'el moet in Torah-gehoorsaamheid regeer en moet as herder die volk se Torah-gehoorsaamheid en hulle onpartydige opregtheid beskerm en handhaaf. Volgens Torah het 'n koning slegs beperkte mag, naamlik slegs die mag wat Torah hom toelaat, en is hy 'n dienaar van die volk. Verwys Deut. 17:14 tot 20.

Tweedens moet ons verstaan dat יהוה het Sh'mu'el as profeet en regter oor Yisra'el aangestel. Dit was יהוה se volmaakte wil vir Yisra'el op daardie tydstip en **nie** 'n koning nie. Hoewel die volk erken het dat Sh'mu'el hulle volgens Torah regeer het en daar geen aanklag teen hom ingebring kan word nie, wou die volk nogtans 'n koning hê. Dit is dus rebellie teen יהוה se aangestelde leier en dus rebellie teen יהוה self. Dit is om hulle eie wil bokant die wil van יהוה te stel en dit opsigself is rebellie!

Derdens wou Yisra'el 'n monargie soos die ander volke hê (1 Sam. 5:8). Dit dui op hulle ontvredenheid om volgens Torahbeginsels geregeer te wil word, en is dus ook rebellie.

Yisra'el wou volgens hulle eie wil handel ten koste van יהוה se volmaakte wil. Hierop het Sh'mu'el soos vol gereageer:

> **12** Toe julle sien dat Nagash, die koning van die seuns van `Ammon, teen julle aankom, het julle vir my gesê: 'Nee, maar 'n koning moet oor ons regeer' terwyl יהוה, julle God, jul Koning was;
> **13** daarom, hier is nou die koning wat julle gekies het, waarvoor julle gevra het en let op, יהוה het 'n koning oor julle aangestel.
> **14** As julle יהוה respekvol sal vrees, Hom dien, na Sy stem luister en nie rebelleer teen die bevel van יהוה nie, dan sal beide julle, sowel as die koning wat oor julle regeer, יהוה, julle God, aanhou volg!
> **15** As julle nie na die stem van יהוה sal luister nie, maar rebelleer teen die bevel van יהוה, dan sal die hand van יהוה teen julle wees, soos teen julle vaders. 1Sam. 12:11 tot 15.

Yisra'el het hulle sin gekry en Sha'ul was as koning aangestel, **maar** hulle was egter gewaarsku oor die aanspreeklikheid wat hierop volg en wat hulle as gevolg van hulle eie wil sal moet dra.

Die feit dat Yisra'el gesondig het deur 'n koning te wil hê, word onderstreep deur die daaropvolgende gebeure:

> **17** Is dit nie vandag oestyd vir die koring nie? Ek sal יהוה aanroep dat Hy donderslae en reën gee, dan sal julle weet en sien dat julle boosheid groot is wat julle in die oë van יהוה gedoen het deur 'n koning vir julleself te vra."
> **18** Sh'mu'el het uitgeroep na יהוה en יהוה het donderslae en reën op dié dag gegee en al die mense was baie bang vir יהוה en vir Sh'mu'el.
> **19** Toe het al die mense vir Sh'mu'el gesê: "Bid tot יהוה, u God, vir u diensknegte sodat ons nie sterf nie omdat ons by al ons sondes nog boosheid bygevoeg het deur 'n koning vir onsself te vra." 1Sam. 12:17 tot 19.

Sh'mu'el bemoedig egter die volk deur te sê dat hulle nie bevrees moet word nie, maar aan Torah gehoorsaam moet bly, want יהוה sal nie sy volk verwerp nie. (1Sam. 12:20-22). Hoewel Yisra'el gesondig het deur nie יהוה se volmaakte wil te kies nie, was daar onverdiende guns indien hulle getrou volgens Torah sou wandel.

In 1 Sam. 12:23 lees ons hoekom Sh'mu'el 'n ware leier is en sien ons 'n karaktereienskap wat alle leiers van יהוה behoort te openbaar.

> Meer nog, wat my betref, dit is ver van my dat ek teen יהוה sal sondig deur op te hou om vir julle te bid, maar ek sal julle in die goeie en regte pad leer.

Sh'mu'el het nie toegelaat dat verwerping deur die volk van hom as leier 'n wortel van bitterheid in sy lewe word nie. Nee, hy was nou wel nie meer die erkende leier nie, maar sy taak om vir die volk te bid en hulle in Torah te onderrig het voortgegaan.

Sh'mu'el het die volk geneem na Gilgal om die koningskap van Sha'ul te vernuwe (1 Sam. 11:14). Volgens oorlewering is Gilgal die plek waar Y'hoshua die tabernakel opgeslaan het nadat Yisra'el die Beloofde Land binnegegaan het. Dit was die plek en tydperk waar Yisra'el in die volmaakte wil van יהוה was en dus יהוה se seën ervaar het. Sh'mu'el wou Yisra'el dus terugneem na daardie plek om hulle te herinner aan die tyd toe hulle in יהוה se volmaakte wil was.

Bepeins of Bespreek

1. Moet ons nie ook dikwels teruggaan of onsself herinner aan die plek en tyd waar ons binne יהוה se volmaakte wil was nie? Leef ons nie dikwels op die grens van gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid nie? Is dit nie om ons tent 'n entjie weg van die tabernakel af op te slaan nie?

2. 'n Handige duimreël om te volg is te vinde in die volgende wyse woorde: *If you're not hearing the voice of יהוה in your life and he seems to be silent, then go back to the last place where he told you to do something and you said, 'No.'*

3. Is die les uit hierdie week se Haftorahstudie nie ook dat יהוה se volmaakte wil die 'makliker opsie' is om te volg nie?

4. Ons moet glo en besef dat יהוה se gedagtes (wil) soveel beter vir ons is as ons eie gedagtes en wil. Lees Jes. 55:8-9 en Jer. 29:11.

5. Soek eers die Koninkryk van יהוה en Sy onpartydige opregtheid (Matt. 6:33) beteken om in 'n Torah-gefundeerde koninkryk te wil dien volgens יהוה se onpartydige opregtheid.

6. Wat is die belangrikste? Om ‘n geestelike leier te wees of om יהוה se volk in Torah te onderrig en om ‘n voorbidder te wees? Hoekom?

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.